

JAPTRAP-POPPE

Patroon en ontwerp deur PIN-GOUIN-ontwerpateljee

BENODIGHEDE

Pingouin Mist DK (50-g-bolle); vir 5 poppe; 1 bol elk affodilgeel (kleur-nr. 63, A), seegroen (58, B), perspienk (69, C), ligpienk (99, D), donkerbruin (81, E), rooi (96, F), koringblomblou (93, G), wit (17, H), roeskleur (90, I), poeierblou (29, J), smaraggroen (49, K), donkerpers (105, L), en swart (19, M); paar Inox-breinaalde van 3,75 mm; vulsel.

Let wel: tensy aanbevole breidraad gebruik word kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooië werk aanvaar nie.

MATE

Die voltooië poppe is ongeveer 20 cm lank.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; pat – patroon; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; ks – koussteek; (een ry regs, een ry aweregs) gr2tgso – glip een steek, brei twee steke regs tesame, trek glipsteek oor; borduurwerk word uiteengesit waar toepaslike.

AANWYSINGS

Al die poppe word in een stuk gebrei, stel 58 ste op en brei ks soos vlg: 8 rye vir voete, 14 rye vir broek, 14 rye vir truitjie, 10 rye vir die kop en nog 12 rye vir hoed of pet.

HOED

1e ry: r7, *gr2tgso, r11*; herh van * tot * 2 keer, gr2tgso, r6 – 50 ste.

2e en elke alt ry: deurgaans aw.

3e ry: r6, *gr2tgso, r9*; herh van * tot * 2 keer, gr2tgso, r5 – 42 sts.

5e ry: r5, *gr2tgso, r7*; herh van * tot * 2 keer, gr2tgso, r4 – 34 ste.

Brei so voort tot 10 ste oorbly.

Knip breidraad af maar laat 'n stuk wat deur oorbl ste geryg word; trek styf vas en werk af.

AFWERKING

Werk naat met fyn stekies toe, stop vulsel in. Plaas die naat in die middel van agterkant, werk dan basis toe, ryg effens in.

Maak 'n koordjie van 30 cm lank en draai om hals, trek styf vas en bind aan voorkant vas.

Vorm bene en voete

Werk 'n ry agtersteek van bokant van broek tot voete, steek deur alle diktes van breiwerk en vulsel. Gaan ook so te werk om arms te vorm, begin by hals en eindig aan onderkant van truitjie.

Pompon

Draai breidraad 'n paar maal om 'n stuk karton van 5 cm breed, bind vas in middel, werk aan bokant van hoed vas.

Borduur die hare (soos uiteengesit by elke pop), oë en mond, met deurdruksteek en gare dubbel.



POP A

Voete: A.

Broek: B.

Truitjie: *2 rye C, 2 rye B, herh van * tot einde.

Kop: D.

Hoed: 2 rye B, 2 rye C, voltooi met B.

Pompon: A.

Hare: E, met deurdruksteek rondom 'n potlood, om lusse te vorm.

Oë: E.

Mond: F.



POP B

Voete: A.

Broek: 1 ry D, 1 ry afwisselend 1D, 1C, voltooi met D.

Truitjie: 1 ry G, 12 rye afwisselend 1G, 1C, verspring kleure elke ry, laaste ry met C.

Kop: H.

Hoed: G.

Pompon: C.

Hare: I; borduur die "poniehare" met deurdruksteek. Knip 12 stukke draad wat lank genoeg is om vlegte van ongeveer 10 cm lank te maak; maak 2 sulke vlegte en werk een aan elke sykant van kop vas, draai dit om 'm sirkel te vorm. Aan middel van agterkant van kop moet die sykante van vlegte met deurdruksteekvasgework word.

Oë: I.

Mond: F.

POP C

Voete: D.

Broek: G.

Truitjie: J.

Kop: H.

Hoed: A.

Pompon: K.

Hare: Deurdruksteek met I.

Oë: J.

Baadjie: borduur duplikaatsteek met C oor die laaste J-ry, 1 ry aan elke kant van middelste 2 ste. Borduur 3 kruissteke in middel om knope voor te stel.



POP D

Voete: G.

Broek: *2 rye A, 2 rye L; herh van * tot einde.

Truitjie: J.

Kop: D.

Hoed: A.

Pompon: M.

Hare: met I, maak lusse aan voorkop en 5 rye rondom kop. Knip elke lus so dat dit soos hare lyk.

Oë: I.

Mond: F.



POP E

Voete: A.

Broek: 1 rye I, 13 rye K.

Truitjie: 1e ry: L.

2e ry: 4L, 5C, 5B, 5A, 5I, 5G, 5C, 5B, 5A, 5I, 5G, 4C.

Brei nog 4 rye met kleure soos vasgestel.

Vlg ry: 4G, 5I, 5A, 5B, 5C, 5G, 5I, 5A, 5B, 5C, 5L, 4C.

Brei nog 4 rye om die blokkiespatroon te voltooi.

1 ry L, 1 ry K, 1 ry A.

Kop: E.

Hoed: A.

Pompon: G.

Hare: borduur met M 'n ry deurdruksteek rondom kop en 1 ry "vlegte" van 5 cm aan sykante van kop.

